28 Jul.

Uitgawe 2010/07/28

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken. (**Hand. 4:13**). Om by Jesus te wees, is wat 'n mense kwalifiseer. So baie van ons blameer ons agtergrond, voorregte wat van ons ontneem was, ens. om nie in geloof te wandel en om God se doel vir ons lewens uit te leef nie. Jeremia 1:5 in die *Amplified Bible* sê Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken en jou goedgekeur as My uitverkore instrument; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou afgesonder en geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak. Vra die Here om die gawe wat Hy aan elkeen van ons in die Liggaam van Christus gegee het aan te wakker. ***Hemelse Vader, dankie dat U ons gekies het om U werk te doen. Vergewe ons vir die kere wat ons toegelaat het dat ander stemme U stem uitdoof.***

Deurbraak : Oudio Skrif kan 200 000 met die Evangelie bereik

Nog vyf Oudio Nuwe Testamente is afgehandel en versprei om tienduisende mense met die Evangelie te bereik. Hierdie nuwe Oudio Nuwe Testamente verteenwoordig 184 000 mense in Meksiko, Guinee, Papoea-Nieu-Guinee en Colombia. Die vervaardiging van die vyf nuwe oudio Skrifgedeeltes sal nie net die Evangelie beskikbaar maak aan 'n groot aantal mense, geletterd sowel as ongeletterd nie, maar dit bring *Faith Comes by Hearing* nader aan hul doel om die oudio Bybels in 2 000 tale beskikbaar te hê teen die jaar 2016. (Webruimte: http://www.christiantelegraph.com/issue10402.html, 27/07/10). ***Dank die Here vir die beskikbaarheid van Sy Woord aan duisende mense. Bid dat almal wat die Woord van God sal hoor, deur dit geheilig sal word.*** (**Joh.17:17**).

Bid vir jou gemeenskap: Volwassenes moet kinders beskerm

Groter verantwoordelikheid is nodig op alle vlakke van die samelewing om kinders te beskerm teen die blootstelling aan pornografie. Volwassenes moet verantwoordelikheid neem of die gevolge dra van 'n generasie wat vir ewig geskend sal wees weens hul onwilligheid om beter vir kinders te sorg. Die primitiewe brein (limbiese sisteem) ontwikkel voor die gedeelte van jou brein vir redenering. Dit beteken dat die kind seksuele beelde/ seksuele tas kan 'voel', 'ervaar' en 'smaak' van 'n volwassene voordat 'n kind hom- of haarself kan uitspreek. Hierdie herinneringe kan in die onderbewussyn gestoor word en kan lei tot afwykende gedrag in hul volwasse lewe. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=125&art_id=nw20100726124732405C233684, 26/07/10). ***Vra die Here om ouers te inspireer om vir hul kinders te bid op 'n daaglikse basis. Bid dat kinders nie maklik deur hul maats of volwassenes beïnvloed sal word nie en dat hulle die "ongemaklike gevoel" in hul binneste sal volg wanneer hulle bedreig word. Bid dat kinders wat aan skadelike materiaal blootgestel is 'n betroubare persoon sal vind wat vir hul berading kan gee.***

Suid-Afrika : Doodsyfer van babas

Suid-Afrika se standaard om baba- en moedersterftes te bekamp is laag is vergelyking met ander lande in Afrika. Twee maande terug het ses vroeggebore babas in 'n hospitaal gesterf. Daar was 'n reeks gevalle van babasterftes in verskeie gesondheidsfasiliteite. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=125&art_id=nw20100726222436317C588545, 26/07/10). ***Vra die Heilige Gees om die ouers te troos wat hul babas weens swak mediese sorg of nalatigheid aan die dood moes afstaan. Bid dat verpleegsters in kraamsale na pasgebore babas sal omsien volgens die maatreëls wat aan hul voorgeskryf is.***

Internasionaal : Christene in VK geroep tot 500 dae van Gebed

Die organiseerders van 'n groot dag van gebed vir die land hoop om kerke en netwerke van regoor die VK te mobiliseer om deel te neem aan 'n tydperk van gebed en uitreike. Hulle hoop om op die nasionale dag van gebed by die West Ham voetbal stadium sowat 20 000 Christene saam te trek. Dit is een van vele geleenthede wat geloods gaan word ter voorbereiding van 'n seison van 500 dae van gebed wat begin op 1 Augustus 2010 tot 31 Desember 2011. Die 500 dae van gebed word geloods met 'n visie van 'n groot gebedsbyeenkoms by Wembley Stadium wat vir 2011 beplan word en 'n jaar van gebed wat geskeduleer is vir 2012 wat ooreenstem met die Olimpiese Spele in Londen. Individuele Christene word gevra om hul alarms of selfone te stel vir twaalfuur in die middag en een minuut te bid om die Onse Vader te bid oor die VK. (Webruimte: http://www.openheaven.com/forums/forum_posts.asp?TID=32884&PN=1&TPN=1, 27/07/10). ***Bid dat die Liggaam van Christus in die VK deel sal neem aan hierdie inisiatief en dat hulle die naam van die Here sal aanroep. Bid vir 'n groot oes van siele in hierdie tydperk. Bid dat mense die krag van gebed sal sien en dat hulle na God sal terugdraai.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com